

**17 September**

**Die lewe van die gelowige het geen einde nie**

**Skrifgedeelte: Johannes 11:17-27**

**Fokusgedeelte: Johannes 11:25**

Jesus word in kennis gestel dat sy vriend Lasarus siek is. In plaas daarvan om Hom te haas om die laaste oomblikke by Lasarus te wees, is Jesus nie haastig nie, want God moet deur sy optrede en gesprekke wat gaan volg verheerlik word.

Wanneer Hy dan wel opdaag, is Lasarus reeds dood. Marta wys Jesus daarop dat Hy wel by magte is om haar broer uit die dood op te wek, want God gee Hom alles wat Hy vra, maar dat hierdie opstanding eers tydens die laaste dag, wanneer alles tot 'n einde kom, sal geskied.

Jesus openbaar Homself egter as die bron van die ewige lewe. Hy noem Homself: DIE opstanding en DIE lewe. Hieruit volg dat Hy baie meer is as net om Lasarus uit die dood op te wek. Hy skenk die ewige lewe nog voordat die liggaamlike sterwe begin en wat aanhou, al kom tyd op aarde tot 'n einde.

Deur die geloof ontvang diegene wat glo die ewige lewe; die gelowige sal lewe ondanks die sigbare feit dat hy tot sterwe gekom het. Die poorte van die dood sal nie die lewe van diegene wat in gemeenskap met God verbind is, tot niet maak nie. Jesus skenk aan elke gelowige 'n eie onsterflikheid, 'n lewe so permanent dat dit nie deur die graf gestuit kan word nie. 'n Onsterflikheid wat alleenlik ontvang kan word van die Bron van die Lewe, Jesus Christus.

Elke gelowige wat nou reeds sterf, beleef in sy dood 'n nuwe geboorte in 'n nuwe, ewige lewe. Glo dit, dit is 'n geskenk.

*Sing: Skrifberyming 18-1:1, 6*

*Dr. Frans Minnie (Pastorale berader, Cachet)*